

GEMEENTE. SUPPLEMENT 7

[KERK EN KULTUUR] DIE VERHOUDING TOT JOU OUERS WAT NOG LEWE

Inleiding. Christene het die Godgegewe verantwoordelikheid om hulle wêreldbeskouing, idees, waarhede, geloofsoortuigings, menings, waardes, gedragserverings en instellings te verander sodat dit gelykvormig is aan die kultuur van die Koninkryk van God! In hierdie studie bestudeer ons die verhouding tot jou ouers terwyl hulle nog lewe.

A. DIE VERANTWOORDELIKHEID OM JOU OUERS TE GEHOORSAAM

Ontdek en bespreek. Tot op watter ouderdom moet kinders, volgens die Bybel, hulle ouers gehoorsaam?

Aantekeninge.

1. Die bevel in die Bybel.

Lees Efesiërs 6:1-3.

God gee twee verantwoordelikhede aan kinders: hulle moet hulle ouers gehoorsaam en eer. In sommige kulture van die wêreld word kinders geleer dat hulle hul ouers vir hulle hele lewe en onder alle omstandighede moet gehoorsaam, selfs as dit wat hulle ouers vra teen God se wil, selfsugtig of destruktief is. In dié kulture het ouers altyd absolute gesag oor hulle kinders so lank hulle lewe, ongeag of hierdie kinders al volwasse of getroud is. Hierdie aspek van hierdie menslike kultuur is onbybels en moet verander word om gelykvormig te word aan die kultuur van die Koninkryk van God.

2. Die voorbeeld van Jesus Christus.

Lees Lukas 2:51; Markus 3:21,31-35; Johannes 4:34.

Toe Jesus nog onmondig was, twaalf jaar oud, was Hy gehoorsaam aan sy ouers op aarde. Maar toe Jesus volwasse geword het en besig was om sy taak op aarde uit te voer, was Hy nie langer gehoorsaam aan sy ouers nie en het Hy nie voldoen aan hulle wense nie! Hoewel Jesus ongetroud gebly het, was Hy volwasse met 'n onafhanklike taak in die lewe. Sy taak was om die wil van God die Vader te doen en Hom te behaag, selfs as sy aardse ouers nie daarmee saamgestem het nie.

3. Die onderrig van Jesus.

Lees Matteus 10:37; 19:5.

Wanneer 'n mens ophou om 'n kind te wees en volwasse geword het, verander sy verhouding tot sy ouers ook.

Wanneer word 'n mens as 'n volwasse persoon gereken?

- Die voorbeeld van Jesus toon dat wanneer 'n mens onafhanklik vir homself kan sorg, hy as 'n volwasse persoon gereken behoort te word.
- Die onderrig van Jesus in Matteus 19:5 toon dat wanneer 'n persoon in die huwelik tree, hy as 'n volwasse persoon gereken behoort te word. Dan moet hy sy vader en sy moeder verlaat en 'n nuwe gesin saam met sy vrou begin. Hy moet sy ouers emosioneel en finansiële verlaat. Hy moet ook die gesag van sy ouers verlaat. En hy moet liefds die huis van sy ouers verlaat (d.i. die jong paar moet op hulle eie gaan woon).
- Aan ongetroudes én aan getroudes sê Jesus: “Hy wat sy vader of moeder liever het as vir My, is nie werd om aan My te behoort nie; hy wat sy seun of dogter liever het as vir My, is nie werd om aan My te behoort nie” (Matteus 10:37). As daar 'n keuse tussen Jesus Christus en jou ouers gemaak moet word, dan moet jy die wens van jou ouers - hoe vurig dit ook al is - verwerp. Jou hoogste lojaliteit is aan Jesus Christus en geen ander verhouding mag tussen julle inkom nie.

Konklusie. Die Bybel leer nie dat Christene hulle ouers gedurende hulle hele lewe en onder alle omstandighede moet gehoorsaam nie.¹ Intendeel, die Bybel leer dat Christene hulle ouers moet gehoorsaam *solank hulle self nog onvolwasse is*. So lank as wat Christen-kinders nog onvolwasse is, d.w.s. onmondig en afhanklik van hulle ouers is, moet hulle hul ouers gehoorsaam in alles wat nie teen God se Woord ingaan nie.

Volwassenheid begin vir Christene:

- wanneer hulle hul ouerhuis verlaat om te gaan studeer of te werk
- wanneer hulle nog by hulle ouers woon, maar nie meer afhanklik is van hulle ouers nie
- wanneer hulle in die huwelik tree.

As volwassenes is Christene nie meer verplig om hulle ouers te gehoorsaam nie. Maar Christene is wel verplig om God altyd en onder alle omstandighede te gehoorsaam. Die konklusie is dat gehoorsaamheid aan ouers behalwe 'n beperking in gesag ook 'n *tydsbeperking* het. Kinders is verplig om hulle ouers te gehoorsaam in alles wat nie teen God se Woord ingaan nie, totdat hulle volwassenheid bereik het.

¹ Confucius het geleer dat mense absoluut gehoorsaam moet wees tenoor die heerser van 'n land, aan jou leraar en aan jou ouers.

B. DIE VERANTWOORDELIKHEID OM JOU OUERS TE EER

Ontdek en bespreek. Hoe eer mense hulle ouers volgens die Bybel?

Aantekeninge. Hoewel kinders hulle ouers net moet gehoorsaam as hulle nog minderjarig is, moet hulle hul ouers altyd eer, óók as hulle meerderjarig is! “Eer” beteken om ’n hoë dank van iemand te hê, aandag aan iemand te skenk, en iemand sonder vrees of teësin of selfsug lief te hê. Hier volg vyf praktiese voorbeelde hoe om jou eie ouers, jou skoonouers en jou hemelse Vader te eer.

1. Eer jou ouers deur hulle nie teen te spreek nie en nie met hulle te twis nie.

Lees Eksodus 21:15,17; Romeine 13:4.

Jy minag jou ouers as jy met hulle redekawel/baklei oor dinge wat geen ware geestelike betekenis het nie. Byvoorbeeld, moenie met hulle twis oor watter klere gepas is om te dra nie, oor watter televisie programme om te kyk nie, of oor wie die skottelgoed moet was nie. Om met hulle te argumenteer, is ’n manier om aan jou ouers te sê dat hulle standpunt belaglik is.

Hoe eer jy jou ouers op ’n positiewe manier? Stel jou saak of standpunt op ’n vriendelike manier en laat God dit dan verder uitwerk op ’n manier waarmee Hy die meeste tevrede sal wees. Dit bewys dat jy glo dat God in beheer is van elke situasie. En dit wys dat jy glo dat Hý besig is om tot stand te bring wat vir jou die beste is.

2. Eer jou ouers deur hulle suggesties/ en advies ernstig te oorweeg.

Lees Spreuke 23:23.

Jy minag jou ouers as jy nie eens wil luister na hulle advies nie.

Hoe eer jy jou ouers op ’n positiewe manier? Luister ernstig na hulle advies en leer van hulle insigte in sake. Terwyl jy nou nog die kans het, leer van hulle jarelange lewenservaring en wysheid wat hulle opgebou het. Leer veral dinge op die gebied van hulle sterk punte, hulle talente, vaardighede, kennis en bekwaamhede.

3. Eer jou ouers deur hulle in jou gewone lewe te betrek.

Lees 2 Korintiërs 6:11-13.

Jy minag jou ouers as jy hulle nie vertel oor wat jy dink, voel of doen nie. Sommige kinders antwoord die vrae van hulle ouers met, “Goed” of “Soos altyd”. Jy minag jou ouers wanneer jy hulle uitsluit uit jou planne en hulle geen kans gee om enige invloed op jou planne te hê nie. Jy minag jou ouers as jy nie toelaat dat hulle mag deel in jou plesier en pyn, of in jou vreugde en verdriet nie. As jy jou ouers uit jou lewe, beslissings en keuses uitsluit, sê jy eintlik vir hulle dat hulle nie die moeite werd is om mee om te gaan nie!

Hoe eer jy jou ouers op ’n positiewe manier? Praat met jou ouers. Neem die inisiatief om met hulle te praat. Vertel hulle wat jy op skool of in jou werk doen, of wat jy saam met jou vriende of in die gemeente doen. Vertel vir hulle wat dit vir jou beteken om te glo; praat oor God en mense en die wêreld. Vertel vir hulle wat jou christelike oortuigings is, wat jy dink, voel of doen. Betrek hulle by jou toekomsplanne en besluite. Jy moet ontsag hê vir hulle insig, wysheid en ervaring. Vra hulle om advies en suggesties. Selfs al gaan jou uiteindelijke besluit téén hulle verlangens in, sal jy hulle tog die gevoel gee dat jy geluister het, hulle advies ernstig oorweeg het en hulle as persone aanvaar het.

4. Eer jou ouers deur hulle te dien.

Lees 1 Timoteus 5:4,8.

Jy minag jou ouers as jy hulle net dien wanneer hulle dit van jou vra. Omdat jy daarvan uitgaan dat hulle die inisiatief moet neem, kan jy ontsettend lank bly wag voordat jy optree.

Hoe eer jy jou ouers op ’n positiewe manier? Oefen jouself om te sien waar jy kan dien, waar iemand jou hulp nodig het, en of jy iets kan doen wat niemand anders wil of kan doen nie. Neem die inisiatief om te dien en te help en moenie wag totdat jou ouers jou daarvoor vra nie.

5. Eer jou ouers deur hulle lief te hê.

Lees 1 Korintiërs 13:4-8.

Jy minag jou ouers as jy hulle net liefhet volgens die kultureel gevestigde reëls, soos om hulle minstens elke week te besoek, aan hulle geskenke te gee en hulle begeertes/verlangens uit te voer.

Hoe eer jy jou ouers op ’n positiewe manier? Opregte christelike liefde gaan veel verder as die vroomheid wat ’n kultuur van kinders vereis! Opregte christelike liefde het geduld met die tekortkominge van jou ouers en vergewe die kwaad wat hulle aan jou gedoen het. As jy ’n Christen word, is jou nie-Christen ouers meestal bang dat die feit dat jy ’n Christen geword het, op jou en ook op hulle ’n baie negatiewe uitwerking gaan hê. Hulle is bang dat jy slegter gaan studeer, dat jy geen goeie beroep gaan kry nie, dat jy geen sukses in jou lewe sal hê nie, dat jy te min geld sal verdien en dus nie meer in staat sal wees om vir hulle op hul ou dag finansiëel te ondersteun nie. Hulle vrees dat jy jou kultuur gaan verloor, hulle gode en godsdienstige leiers baie kwaad gaan maak en skande oor jou hele familie gaan bring. Daarom reageer hulle baie negatief op die feit dat jy ’n Christen geword het en in sommige gevalle begin hulle jou selfs te vervolg en probeer selfs om jou dood te maak. Verduidelik aan hulle op ’n taktvolle wyse wat die christelike geloof is

en bewys aan hulle dat jy inderwaarheid eintlik 'n meer verantwoordelike en liefdevolle mens geword het deur dit wat Jesus Christus vir jou gedoen het.